Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 5. Kaapstad, Woensdag, 14 Augustus 1946 No. 38.

# Gloeiende Geesdrif vir O.B.

## Boland se Skitterende Prestasies

**Die eerste berigte oor die fondsinsamelings vir O.B.-Dag weerkaats die gloeiende geesdrif wat in Afrikanerharte brand vir die Ossewabrandwag. Die Skiereilandse generaalskappe het £1,500 ingesamel; Paarl A18 het skitterend presteer met £1,200; Stellenbosch het oukerf gevolg met £550; Wellington het ingeskuiwe met £200. Kleiner eenhede soos bv. Greyton het ook onverwagte hoogtes bereik.**

**En dit alles ten spyte van die heersende tekorte aan lewensmiddele. In die teken van hierdie entoesiasme staan die aanwas van die Bellvillese generaalskap met 90 nuwe lede in die afgelope ses maande.** **(Lees berigte op blss. 1, 2 en 8).**

# Verantwoordelikheid Rus Nie Net op O.B.

***„Om saam te werk is dit nodig dat ons die grense so wyd as moontlik stel. Dit is nie nodig om eenstemmigheid oor die klein puntjies te hê nie. Eenstemmigheid of dit ons erns is om 'n republiek daar te stel, die voortbestaan van die Afrikanervolk en blanke beskawing te verseker, hou genoeg grond in vir samewerking," het genl. dr. F. D. du T. van Zyl, gebiedsleier van Wes-Kaapland verlede Saterdagaand by geleentheid van die viering van O.B.-dag in die Hofmeyrsaal, Kaapstad, verklaar.***

By hierdie geleentheid het die verskillende kommando's van die Skiereiland hul bydraes vir 8 Augustus aan die generaals van A1 en A2, genl. P. D. Rousseau en genl. G. Retief, oorhandig. Die reuse-bedrag van meer as £1,500 is deur hierdie twee generaalskappe byeengebring. **Meer as £180 hiervan is deur die Boerejeug ingesamel. Die Boeredogters van Parow het alle ander afdelings van die Jeug oortref deur £46 in te samel.**

Genls. Rousseau en Retief sowel as die Gebiedsleier, genl. Van Zyl het met lof melding gemaak van die hartlike samewerking wat daar onder alle afdelings was om so 'n groot bedrag onder die moeilikste omstandighede waar alles skaars is, in te samel. **Dit was veral opvallend dat die publiek buite die geledere van die O.B. die funksies ondersteun het. Dit is iets wat nooit in die verlede gebeur het nie.** 'Hoewel die strooi dikwels ontbreek het om die stene te maak, het die opbrengs die stoutste verwagtings oortref.

### GENL. VAN ZYL

Die pers is in die afgelope weke vol oor die kwessie van samewerking tussen Afrikaners soos ook blyk uit Die Kruithoring en ander Party-koerante, het genl. Van Zyl, hoofspreker van die aand, verklaar.

„Vir hulle gaan dit egter nie oor samewerking nie, maar om te waarsku teen samewerking en dit so onaantreklik as moontlik voor te stel en dan baie swak redes aan te voer waarom die O.B. en Party nie kan saamwerk nie."

In die uitlatings van die H.N.P.-leiding is hulle besonder bedag om nie die gevoelens van O.B.-lede individueel seer te maak nie, omdat hulle bang is dat die O.B.'s nie sal stem nie. Teenoor die O.B. as organisasie is hulle houding egter heel anders en onverbiddelik. Met die lede praat hulle mooi en sê verder dat indien die lede van die O.B. nie stem nie — en hulle is van die allerbeste Afrikaners, voeg hulle by — dan help hulle vir genl. Smuts.

### OOK 'N PLIG

Volgens die H.N.P.leiding berus die verantwoordelikheid om van genl. Smuts ontslae te raak net by die O.B. Dit het tyd geword dat ons reguit met mekaar gesels, het spreker verklaar. Die O.B. is meer as bewus van sy taak. Daarvan het die aanwesigheid van O.B.-lede in die tronke en kampe getuig.

Die H.N.P. het ook 'n taak. Hulle is verantwoordelik teenoor die volk om te oorwin by 'n verkiesing en die ideale van die volk te verwesenlik. „Is dit nie ook hulle plig om dit vir die (Vervolg op bls. 2, kol. 4)

# Kos en Klere Vir Duitsers

## *Kan Gestuur Word Oor Switserland*

**Deur bemiddeling van Switserse private organisasies wat hul beywer vir noodleniging in Duitsland, het dit nou moontlik geword dat persone in Suid-Afrika op tasbare wyse hulp aan die Duitse volk kan verleen. Deur die optrede van hierdie organisasies in Switserland sal voedsel sowel as klere direk aan die adresse van persone in Duitsland op versoek gestuur word.**

Die naam van die organisasie wat sorg vir die voedsel is die Swiss Caritas, Zentrale Luzern, Switserland. Die prosedure wat gevolg moet word om te verseker dat persone in Duitsland voedselpakkies ontvang, is as volg:

**Geen voedselpakkies word uit Suid-Afrika aan hierdie Switserse organisasie gestuur nie, maar hulle versoek dat geld per brief met die adres van die persoon in Duitsland vermeld, aan hulle gestuur word. Hulle koop dan die kos en stuur dit aan die persoon.** Daar is drie soorte pakkies waaruit gekies kan word. Die eerste staan bekend as „Dänemark" en dit sluit botter, kaas, spek, moutekstrak en gepoeierde melk in. Die pakkie weeg ongeveer 9 pond en kos 28 Switserse frank (plus minus 23s.).

Die tweede pakkie, bekend as „Swisse", bestaan uit suiker, koffie, ingemaakte sardientjies en vleis, en gepoeierde melk, en weeg omtrent 6 pond. Dit kos 15 Switserse frank. Die derde pakkie bestaan uit 200 sigarette en is bekend as „Zig". Dit kos 12 Switserse frank of omtrent 9s. 6d.

Die geld waarmee die kos gekoop word, moet betaalbaar gemaak word aan: Postscheckkonto, Luzern VII, No. 11007, op die rekening van Swiss Caritas, Sentrale Luzern, Löwenstrasse 3, Switserland.

Persone wat hiervan gebruik wil maak en geld na Switserland wil stuur, moet by 'n handelsbank aansoek doen om 'n wissel. Hulle sal die nodige reëlings tref en die nodige inligting verskaf.

### KLERE

Wanneer iemand klere wil stuur, kan hy 'n pakkie opmaak wat nie meer as 10 pond weeg en nie meer as £2 in waarde is nie. Dit word as volg opgemaak: Die pakkie moet liefs in sak toegewerk word. **Die naam van die persoon aan wie die pakkie in Duitsland gestuur moet word, moet baie duidelik op die omslag verskyn.**

Nadat die pakkie sò opgemaak is, moet dit nog 'n keer in sterk materiaal toegewerk word. **Op die buitenste omslag verskyn die adres van die organisasie wat die klere sal versend. Dit is aan: Schurter A. G., Via Kukstrasse, 60 Rialta, Basel, Switserland.**

In Switserland word die buitenste omslag afgehaal en die pakkie dan na Duitsland gestuur.

Indien iemand verlang om meer klere as die voorgeskrewe gewig aan 'n familiebetrekking of vriend in Duitsland te stuur, kan hy 'n wissel ter waarde van 6 frank per brief aan bogenoemde adres stuur, met die versoek om klere daarvoor te koop en dit aan te stuur. Die wissel word verkry van 'n handelsbank en aan Postcheckkonto, Luzern VIII, 923, betaalbaar gemaak op rekening van A. G. Schurter, Via Kukstrasse, 60 Rialta, Basel, Switserland.

**Hierdie metode van hulpverlening aan persone deur middel van Switserse organisasies is hoogs betroubaar, na die Switserse Konsulaat Die O.B. meegedeel het.**

# GETWIS OOR VREDE



**Die vredeskonferensie het die eerste twee weke van sy byeenkoms in Parys verkwis met 'n getwis oor hoe daar gestem moet word oor die voorwaardes. Tans strompel hy voort in die aangesig van Russiese obstruksie. Op die foto is 'n deel van die afgevaardigdes te sien onderwyl Attlee, Britse eerste minister, hulle toespreek.**

*Volg u voorouers se raad en gebruik BOEGOESALF om u van lastige Verkoues, Hoes, Rumatiek, Winterhande, ens., te bevry* —




BOEGOESALF

Die Oorspronklike P-HAU-SALF

Verkrygbaar by u Apteker of Winkelier

HANDELSNAVRAE: P-HAU-PRODUKTE (EDMS.) BPK.

Security-Gebou, Beursplein, Posbus 3180, KAAPSTAD

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 702, Kerkplein, Kaapstad.

# Prestasie van Nuwe Veldkornetskap

Op Saterdag, 3 Augustus, het die veldkornetskap Greyton, Caledon, 'n funksie gehou van die veldkornetskap alleen. Op 24 Augustus neem hulle boonop nog deel aan die gesament-



HFGENL. MAX SMUTS

like funksie van die Caledonse kommando's. **Onder die kranige leiding van asst.-veldkornet en veldkte. B. Fouché, bygestaan deur 'n span ywerige helpers, het hierdie veldkornetskap, wat 'n paar maande gelede eers op die been gebring is, die pragtige bedrag van £50 (na aftrek van koste) byeengebring.**

Onder meer het hulle by geleentheid van 'n vendusie die dag 'n warm middagete bedien wat goed ondersteun is deur Afrikaners van alle oortuigings. Meer as sewentig mense is die middag bedien en sestig die aand, toe daar weer etes verskaf is.

Hfgenl. Max Smuts het gedurende die dag die byeenkoms toegespreek en 'n duidelike uiteensetting gegee van die Ossewabrandwag se saamwerkbeleid. Hy het beklemtoon dat die nasionale groepe sal moet saamwerk in 'n gemeenskaplike front as ons van die Smutsbewind ontslae wil raak.

Hierdie eerste poging van die nuwe veldkornetskap is 'n prestasie waarvoor die betrokke offisiere en helpers die hoogste lof toekom, en is ook 'n bekroning van die arbeid van hfgenl. Max Smuts wat hoofsaaklik verantwoordelik was vir die stigting van die veldkornetskap.

# Hopefield Verras Met O.B.-Dag

Die kommando van Hopefield het op 5 Augustus hul O.B.-dagfunksie gehou. Nieteenstaande die ongunstige weer het talle O.B.-lede sowel as nie-lede reeds vroeg opgedaag om van die heerlike boeregeregte te koop.

Die funksie was op die plaas van komdt. J. du Toit gehou in die vorm van 'n basaar. Allerlei goedere was te koop aangebied deur die vroue en die Boerejeug. Die mans het deelgeneem aan jukskei- en skyfskietkompetisies.

'n Pragtige gees van samewerking het onder al die teenwoordiges geheers en nie-lede het nie op hul laat wag om te help nie.

In haar kort boodskappie het genle. mev. Voigt gesê dat hoewel ons nie almal O.B.-lede is nie, daar tog in almal van ons se are Afrikanerbloed vloei, en dat ons almal moet saamstaan om die grootste vyand van die Afrikanerdom, die kommunisme, af te weer.

Die opgewondenheid onder die teenwoordiges het sy toppunt bereik toe daar bekendgemaak word dat die pragtige bedrag van £43-3-6 ingesamel is, waarvan die Boerejeug £3-3-6 gein het.

Die kommandante en haar ywerige manskappe verdien alle lof, daar hulle hulself geen slaap gegun het om van die funksie 'n sukses te maak nie.

# „Oorwinningsparade Groot Mislukking"

## Korrespondent Skilder Ander Prentjie

**„Die oorwinningsparade wat op 8 Junie in Londen gehou is, was 'n groot mislukking. Die Parade was 'n anti-klimaks; daar was min werklike feesviering. Die volk het nie daarvoor lus gevoel nie omdat hulle nie die versekering het dat daar vrede is nie. Elke persoon het geweet dat die lewe nou moeiliker sal wees as voorheen. Daar was geen geesdrif vir die feesviering nie", skryf die korrespondent van The Isle of Man Times wat die oorwinningsparade bygewoon het.**

Hy verklaar dat die gees wat mens by so 'n fees sou verwag, nie op te merk was nie. Hy het met verskillende mense gepraat en almal het saamgestem dat hulle nie veel rede tot feesviering het nie. Toe aan hulle gevra is of hulle die dag geniet het, het hulle geantwoord: „Wat is daar om oor fees te vier?" of „Dit moes 'n geweldige som geld gekos het". 'n Ander persoon het verklaar dat sy twee uur in 'n broodtou moes staan en nie lus het om onder sulke omstandighede fees te vier nie.

Die regering het niks gespaar om soveel kleur as moontlik aan die feesviering te gee nie. Geen koste is ontsien nie, aldus die korrespondent. Een vlagpaal alleen het £132 gekos. Die gejuig wat losgebars het toe die soldate aan die verbymarsjeer was, was sonder geesdrif en halfhartig. Die aanrollende pantsers het feesgangers aan die afgryslikhede van die oorlog herinner en hul geesdrif gedemp. Die feit dat Rusland nie op die feestelikheid verteenwoordig was nie, het nie daartoe bygedra om die stemming te verbeter nie.

„In ondubbelsinnige taal", skryf die blad, „die regering het die hart van die volk nie verstaan nie. Die oorwinningsparade was 'n mislukking."

# 50,000 Britte en Pole op Waglys Na Suid-Afrika

**Die Suid-Afrika-huis in Londen ontvang daagliks 300 aansoeke van Britte, Pole en ander nasionaliteite om passate na die Unie. Die meeste van hierdie persone is Britte en wil hulle in Suid-Afrika kom vestig. Daar is reeds meer as 50,000 persone in Londen geregistreer wat wag om na Suid-Afrika te kom. Alleen die gebrek aan skeepsruimte hou hulle nog terug. Die meeste van hierdie persone sal nog minstens agtien maande wag voordat daar vir hulle skeepsruimte beskikbaar is.**

**'n Groot aantal is soldate en hulle gesinne wat Suid-Afrika gedurende die oorlog besoek het.**

# Russe Spog Met Sterker Atoom

**Die Stalin-prys vir atoomnavorsing is toegeken aan prof. Zhdanov vir die ontdekking van 'n metode om die atoom met kosmiese strale te splits. Die metode om die atoom te splits was volkome suksesvol, volgens die Russiese aankondiging. Dit is in staat om die hele atoom te laat ontbind. Die berig verwys na die feit dat die Amerikaanse wetenskaplikes slegs in staat was om 'n baie klein deel van die atoom in krag om te sit, terwyl die Russiese ontdekking die krag van die atoom ten volle ontwikkel.**

## VAN ECK TE VINNIG VIR STAAT

Die Suid-Afrikaanse staatsdiens is bekend vir sy omslagtigheid. Die jongste voorbeeld hiervan kom voor in verband met die aanstelling van dr. H. J. van Eck as Direkteur van Voedsel. Dr. Van Eck is reeds teen die helfte van Mei deur die Minister van Finansies genader om die pos te aanvaar. Hy het ingewillig en is dadelik met sy belangrike taak begin. Sy aanstelling is so pas eers gedoen, soos aangekondig in die Staatskoerant. Hy het sy pligte dus in werklikheid 'n paar maande vooruit geloop.

# Koning se Besoek Tref Huisloses

Hoewel dit nog meer as ses maande is voordat die Britse koning in Kaapstad land, ontvang hoteleienaars en agente vir woonstelle nou reeds aansoeke om verblyf gedurende Februarie a.s. jaar wanneer die Britse koningsgesin hul opwagting hier maak. Verskeie hotelle in die stad het meegedeel dat hulle reeds sodanige aansoeke ontvang het. Een van die aansoeke kom uit Rhodesië.

Die gevolg is dat verskeie hotelle in die stad nie meer permanente loseerders wil neem nie. Slegs besoekers wat vir 'n klein tydjie in die stad vertoef, word nog ingeneem.

Aan Die O.B. is meegedeel dat baie persone geld uitloof vir iemand wat hulle van 'n woonstel of verblyfplek gedurende die koningsbesoek verskaf. Uit Johannesburg het iemand £25 aangebied, tot dusver sonder sukses.

# DR. VAN ZYL OOR SAMEWERKING

(Vervolg van bls. 1, kol. 3)



Gebiedsleier, dr. Van Zyl

**O.B. moontlik te maak om 'n kruisie by die stembus te trek nie?", het genl. Van Zyl gevra.**

Daar word verklaar dat die H.N.P. en O.B. nooit saam kan werk nie omdat daar nie eenheid van beginsel is nie. **Die O.B. het nie gevra om lede van die party te word nie. As dit so was, was daar miskien grond vir hul argument. Die O.B. vra net om saam te werk en die bande met die Empire te breek en om vir die behoud van die blanke beskawing te veg.**

Dit is kleinlik om te verklaar dat dit nie moontlik is om saam te werk nie omdat daar nie 'n eenheid van beginsel is nie. **„Laat die H.N.P. en hul leiding prakties wees.** Laat hulle deur die vertroebeling van die partypolitiek sien." Die Party sal nie die ondersteuning van die O.B. geniet by 'n verkiesing as die O.B. nie weet dat daardie stem na die verkiesing reg gebruik sal word nie, het spr. gesê.

**IN 1924 MOONTLIK**

**„As dit in 1924 vir die Nasionale Party moontlik was om saam met die Arbeiders te werk wat in beginsel van hulle verskil het, waarom is dit nie ook moontlik om in 1946 met 'n Afrikaanse volksbeweging saam te werk nie?**

Het die verwydering tussen die Party en die O.B. gekom oor verskil in beginsel of het dit gekom oor die publisering van die Republikeinse staatsvorm deur die O.B. wat die Partyleier as sy taak beskou het en die O.B. beskuldig het dat hy op die terrein van die Party beweeg? Waar is dan die beginselverskil, het spreker gevra.

Maar as daar dan 'n verskil is, die O.B. vra nie om lede van die H.N.P. te word nie. Ons dink aan samewerking met behoud van identiteit, en die minste wat 'n mens kan verwag na die aanbiedinge van die O.B.-leiding is 'n antwoord. Daarop kan dan samesprekings volg met die oog op 'n gemeenskaplike grondslag vir optrede in belang van die volk, het genl. Van Zyl besluit.

**GENL. DE VOS**

By hierdie geleentheid is ook aangekondig dat genl. P. D. Rousseau wat die dubbele amp van hoofgeneraal en generaal beklee, die pos van generaal weens gesondheidsredes neerlê, maar dat hy aanbly as hoofgeneraal. **Adv. J. de Vos, wat tot onlangs Uniale Stafhoof van die O.B. was, is aangestel as generaal in die plek van genl. Rousseau. Daar is met lof melding gemaak van die troue dienste van genl. Rousseau wat reeds sy hele lewe in diens van die Afrikanervolk staan.**

Die verrigtings is vooraf gegaan deur 'n vlaghysingseremonie deur lede van die Wag en skriflesing en gebed deur ds. J. D. Vorster. Opgewekte marsmusiek is deur die O.B.-blaasorkes onder leiding van komdt. S. Swanepoel gelewer.




*Die Nuwe Doeltreffende Aanvalsmiddel teen INSEKPLAE*

AGRICURA „DEESOL"

30% DDT OPLOSSING



VORM MAKLIK 'N EMULSIE MET WATER EN KAN NA WENS VERDUN WORD.

*Die Goedkoopste, Veiligste en Doeltreffendste*



VORM VAN D.D.T. VIR GEBRUIK IN GEBOUE, OP DIERE EN OP PLANTE TEEN ALLE INSEKTEPLAE WAT VIR D.D.T. KWESBAAR IS.

**Verkrygbaar by u Ko-operasie,**

of direk van

AGRICURA LABORATORIA BPK.

ANDERSONSTRAAT 204, JOHANNESBURG.

**Pryse: ¼ Gelling 7/6. 1 Gelling 24/-.**

**Vra ons om gratis pamflet oor D.D.T. wat volledige inligting oor hierdie middel gee.**

# Stemme vir Samewerking Swel aan in Suide

## REGERING OP SY HOEDE

***Die stroom in die rigting van samewerking tussen alle nasionale volksgroepe in die land het weer opnuut in die Suide losgebars en vloei nieteenstaande pogings om die volk kunsmatig verdeel te hou onkeerbaar in die rigting van volkseenheid.***

Hierdie waarheid word weerspieël uit die talle briewe van Afrikaners wat gedurende die afgelope weke in die meningskolomme van Die Burger verskyn het. Al hierdie briewe getuig van die eenstemmigheid van Afrikaners, H.N.P.'s sowel as O.B.'s om met mekaar saam te werk en die Smuts-regering omver te gooi. Die briewe wat samewerking bepleit, het in verskeie gevalle hewige aanvalle van naamlose en adreslose skrywers in dieselfde blad uitgelok. Aangedryf deur die besef van die noodtoestand waarin die volk verkeer, skryf mnr. S. S. Roos, Rondebosch: „Ek is bly om te sien dat die noodsaaklikheid van volkseenheid weer op die voorgrond gekom het". Hy verwys na die gevaar waarin die blanke beskawing hom tans bevind en „daardie gevaar **(kan) nie afgewend word solank die politieke verhouding bly soos dit vandag daar uitsien nie, en om 'n volkseenheid te bewerkstellig, sal daar baie groot persoonlike opofferings gedoen moet word . . .**" „Die verbrokkelde partye van ons Afrikanerdom kan en sal nooit herstel deur verwyte oor wat dié of daardie gesê of nie gesê het nie" „. . . Die hartlike samewerking waarna so uitgesien word (sal) nooit verkry kan word deur strydvrae en bitsige antwoorde nie, en sonder samewerking sal daar geen eleksie gewen kan word nie . . ."

### ALMAL AFRIKANERS

Met verwysing na die moontlike samewerking tussen die O.B. en die H.N.P. skryf mnr. C. H. Vermeulen van Montagu, dat „ons moet onthou dat die lede van daardie groepe net sulke opregte Afrikaners soos ons is, of sê liewer die oorgrote meerderheid van hulle, met 'n baie klein verskil in politieke sienswyse. **Elke Afrikaner, veral ons Nasionaliste, sal dus by homself moet begin, indien ons werklik ons groot ideaal van eenheid wil verwesenlik.**"

Mnr. C. G. Geldenhuys, Wellington, skryf: „Kan ons dan nie almal, O.B.'s, H.N.P.'s, ensovoorts, eindelik en ten laaste besef dat ons moet saamspan om die kloof wat daar in die afgelope vyf-ses jaar ontstaan het, te probeer oorbrug en ook die kwaadstokers onder ons geledere laat links lê nie?"

### BESWAARMAKER

Moedelose Afrikaner, Stanford skryf: „Wanneer die volgende verkiesing plaasvind, sal die Nasionale Afrikanerdom nog altyd twis, redeneer en planne beraam om saam te werk, en wat sal dit baat as ons dan nie reeds verenig is nie?" „Kan daar nie 'n verkiesing of iets plaasvind waardeur die volk besluit wat hy wil hê en almal dan saam die meerderheidsgedagte uitbou en sterk maak teen die gemeenskaplike vyand nie?"

Dit is enkele van die briewe waarin samewerking bepleit word. Hierdie gees van broederlike toenadering en versugtinge tot samewerking val nie in die smaak nie van „Fanie", Kaapstad, wat blykbaar as gereelde briefskrywer optree wanneer dit nodig geag word om 'n wal op te gooi teen die rigting wat saamwerking bepleit. Hierdie skrywer stel hom veral ten doel om die poging tot samewerking as onmoontlik voor te stel. Hy bepleit nie samewerking nie, maar oorgawe aan die Party: „Maak die H.N.P. sterk met mense wat glo in sy metode en doelstelling".

### VERWAG EENHEID

Na aanleiding van die doelbewuste afstuur op samewerking deur die nasionale Afrikaners in die land, skryf die politieke korrespondent van Die Suiderstem as volg uit Pretoria: **„Hoewel daar nog 'n aansienlike mate van bitterheid en tweedrag tussen die Herenigde Party en sy verskillende afgeskilferde politieke bewegings bestaan, tref die Verenigde Party voorsorg om by die aanstaande verkiesing 'n verenigde front te beveg, aangesien verwag word dat daar teen daardie tyd 'n ooreenkoms tussen die gesuiwerde elemente getref sal wees in 'n poging om die landsbestuur in die hande te kry."**

Twee dae nadat hierdie artikel in Die Suiderstem verskyn het, raai die blad die H.N.P. in 'n hoofartikel af om met die O.B. saam te werk omdat hy dit nie in die . . . „landsbelang" ag nie.

Nadat die blad die H.N.P. van raad bedien het skryf hy o.a.: „Dit is mos nie denkbaar dat 'n demokratiese party met 'n nasionaal-sosialistiese gewas daaraan gesond kan bly nie. **Dit is natuurlik die Gesuiwerde Party se eie saak as hy 'n slang in sy eie boesem wil huisves, maar is dit in landsbelang om 'n organisasie in 'n aspirerende regerende party op te neem wat die partystelsel wil vernietig?"**

# Spesiale Trein Vir Naturelle Afgeskaf

## *Stroom na Stad Gekeer Na Lange Gesloer*

Danksy die traak-my-nie-agtigheid van die party-parlementêre regering wat hom nie aan die herhaaldelike waarskuwings van die inwoners van die Skiereiland gesteur het nie, het daar gedurende die afgelope jaar meer as 20,000 naturelle uit die naturellegebiede die Skiereiland binnegestroom. Na berekening is daar sowat 3,000 werklose naturelle in hierdie gebied.

Eindelik, nadat dit reeds te laat was, en die Skiereiland 'n naturellebevolking van 60,000 het, het die regering na maande se gesloer tot handeling oorgegaan. Alleen naturelle wat bewys kan lewer dat hulle 'n werkgewer het, word van 'n reiskaartjie voorsien en in die gebied toegelaat.

Voordat hierdie maatreël in werking getree het, het daar weekliks 'n spesiale trein van die naturellegebiede geloop met tussen 300 en 400 naturelle volgelaai.

### BEWYS

Die feit dat daar gedurende die afgelope weke slegs 11, 7 en 29 naturelle onderskeidelik aangekom het, is bewys dat groot getalle sonder werkvooruitsig voorheen die stad ingestroom het. Die naturelle wat gedurende die afgelope drie weke aangekom het, is alleen toegelaat omdat hulle kon bewys dat hulle 'n werkgewer in die stad het.

Amptenare by die registrasiekantoor in die naturelle-lokasie verklaar dat die nuwe regulasie vir hulle 'n uitkoms is. Die lokasie het geen woonplek vir die naturelle meer gehad nie sodat pondokkies teen die berghange verrys het.

Tot dusver blyk die regulasie doeltreffend te wees. Weens die feit dat die toestroming van die naturelle afgeneem het, loop die spesiale Mombelatrein van die naturellegebied ook nie meer nie.

### NOU WEER SEEP

Die geweldige tekort wat daar aan seep ondervind word, bied weer 'n uitstekende geleentheid aan swartmarkhandelaars om hul slag te slaan en die publiek uit te buit. Dit gaan vandag besonder moeilik om een koekie seep in die hande te kry.

Amptelik is aangekondig dat die seepkrisis nog nooit so ernstig was soos nou nie, en verwag word dat die toestand nog sal versleg as die internasionale seepbeheer nie groter voorrade na Suid-Afrika toelaat nie.

Die voedselbeheer-organisasie oorweeg dit sterk om seep so gou as moontlik te rantsoeneer, maar van ampsweë word dit nie moontlik beskou voordat die krisis reeds baie ernstig is nie.

In Pretoria is seep so skaars dat moeders van babas skeerseep gebruik om die klere van die kinders te was.


WAARDE VIR GELD




MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

Dameshoede . . .
VIR WELKE GELEENTHEID OOK AL, U KRY VERSKEIDENHEID BY
Steyns
DIE MODEWINKEL
PAROW

W. Voigt (Edms.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiingsmasjinerie
Bus 10 — HUGENOOT, K.P.



Hierdie tekening verskyn op die omslag van die tweede uitgawe in die Pro Ecclesia-Biblioteek: „SKOORSOEK," deur Danie Stegman, wat in September sal verskyn.
VRA OM BESONDERHEDE

NUWE ROMANS

| | Posvry |
|---|---|
| K. v. d. Heever: Wat Baat Dit Die Mens? | 8/6 |
| R. Hendriks: Ek is Antoinette Duke | 8/6 |
| T. du Toit: Die Bolander | 9/3 |
| A. Coetzee: Aan die End van die Soom | 9/- |
| J. R. L. van Bruggen: Erfgename | 8/6 |
| Gert Fourie: Die Prys van 'n Belofte | 8/- |
| M. S. van Rooyen: Hande wat Genees | 8/6 |
| J. I. Brits: Glans van die Reënboog | 7/3 |
| J. H. Naude: Carnio Cate | 9/6 |

NOU GEREED
'n Lys van Romans wat gedurende die laaste paar jaar verskyn het sal op aanvraag gestuur word.

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
POSBUS 29 STELLENBOSCH

VIR VEILINGS EN EIENDOM-VERKOPINGS
Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk.
SECURITY-GEBOU — KAAPSTAD
Takkantore: Bellville, Strand en Wynberg.

DIE O.B., WOENSDAG, 14 AUGUSTUS 1946.

# Diktatuur vir Duur Van Vrede

Die eerste jaar van die na-oorlogse tydperk het reeds voldoende bewys dat die mooiklinkende motiewe waarmee die oorlog dan gevoer sou gewees het, naakste misleiding was. Die ware motief was om 'n mededinger plat te slaan — en veral 'n mededinger van Joodse wêreldbeheer. Daar is oorlog gevoer teen die skending van menslike vryheid, maar in die afgelope twaalf maande het die oorwinnaars reeds op so 'n verbysterende skaal mensevryheid geskend, soos die verplasing van miljoene Duitsers uit die Ooste — en 'n dreigende uit Suid-Afrika — bewys dat dit selfs die kwaaiste propaganda-voorbeelde teen Duitsland tienvoudig oorskadu. Die vrywillige uitroepe van „Heil Hitler" deur 'n miljoene-volk is voorgehou as die tipiese produk van fascisme, **maar as die oorwinnaar 'n Duitser twaalf maande na die tronk stuur omdat hy nie „Heil George" saam met die Britte wil uitvoer nie, is dit maar 'n kwessie van „heropvoeding".**

Dat Duitsland vir ses jaar ná 'n tydperk van chaos en nood onder die diktatuur van 'n verkose leier gestaan het, was in die oë van die demokrasieë so 'n vergryp aan die arme Duitse volk dat laasgenoemde teen hul sin met bomladings „bevry" moes word. **Maar dat dieselfde demokrasieë daarna 'n militêre diktatuur van dertig jaar deur vreemdes vir die „bevryde" Duitse volk voorstel, is maar net beskerming.**

## UPINGTON-SAAK

So kan aangehou word om die huigelary aan die kaak te stel. Maar aan hierdie skaamtelose gehuigel het ook Suid-Afrika 'n volle kwota ontvang. In ons vorige uitgawe is berig van 'n dertigtal O.B.-lede wat op Upington beboet is omdat hulle by geleentheid van 'n kamp 'n vlagparade gehou het, en daardeur 'n noodregulasie van die oorlog oortree het wat „drillery" verbied. Daardie noodregulasie kan alleen reg van bestaan hê in 'n tyd van nood waar die staat sy veiligheid moet beskerm. Dit is 'n oorlogsdekreet wat, as dit voldoen het aan 'n behoefte op die tydstip van uitvaardiging, nie beswaar teen gemaak kan word nie. **Maar in vredestyd is so 'n noodregulasie 'n gewone politieke dekreet soos van enige diktator of vermeende diktator waarteen Suid-Afrika teen geweldige hoë koste die oorlog gevoer het. En wanneer hierdie regulasie aangegryp word deur vervolgsugtiges om 'n politieke groep se lewe te versuur, dan is dit 'n stuk tirannie wat nie op noodsaak berus nie, maar op blote vervolgsug.** Die magistraat het bevind dat daar geen sprake van ondermynende optrede was nie. Daarenteen het die kroongetuie erken dat hy „daarvan hou om die O.B. dop te hou". Wat sy motiewe in verband met die dophouery is, weet net hy, maar wat almal weet is dat individue wat graag ander „dop hou" deur middel van 'n politieke dekreet in staat gestel word om hul „dop hou"-lus te bevredig en omgeskep te kry in veroordelings — **veertien maande nadat Suid-Afrika 'n kruistog teen 'n dekreet-stelsel met welslae afgesluit het.**

## VERKIESINGSWET

Maar die noodregulasies of dekrete leen hulle vir nog veel ingrypender optrede as die vervolging van 'n paar kampeerders. In die Vrystaat het die Provinsiale Raad onlangs besluit om die munisipale verkiesings vir 'n jaar uit te stel omdat die parlementêre kieserslyste nie betyds beskikbaar sal wees nie, en die wet eis dat 'n munisipale kieser se naam ook op die parlementêre kieserslys moet verskyn. **In dieselfde week van die Upingtonse hofsaak word nou berig dat die regering kragtens 'n noodregulasie die besluit van die Vrystaatse Provinsiale Raad nietig verklaar het en voorskryf dat verkiesings wel gehou moet word afgesien daarvan of daar aan die wetlike vereiste van registrasie voldoen word.**

**'n Blote vredesreëling vir 'n blote vredesoogmerk word dus hier oordonder deur 'n oorlogsdekreet. Nie omdat daar nood bestaan nie, maar omdat dit in die politieke kraam pas van 'n regerende party — dus 'n blote politieke dekreet soos in enige diktatuur waarteen die Unie ses jaar lank oorlog gevoer het.**

Volgens die bepalings van die Noodmaatreël indertyd sou die wet geldig bly tot ses maande na die formele vredesluiting. Van 'n demokratiese bewind sou verwag word om daardie toegestane tydperk nie te misbruik deur self diktator te speel nie. Maar nie die „demokrasie" van Suid-Afrika nie. **En met die vooruitsig, soos die vredeskonferensie reeds voorspel, dat daar nooit 'n vredesreëling tussen die oorwinnaars sal plaasvind nie, is dit duidelik dat Suid-Afrika opgesaal sit met 'n diktator-bewind wat by wyse van dekreet regeer vir die duur van die vrede.**

Die resultaat van Suid-Afrika se oorlogsdeelname is dus 'n diktatuur in sy land.

DIE O.B. KOMMANDO'S, KUILSRIVIER

**hou hulle O.B. BASAAR op 17 AUGUSTUS, 1946, om 7.30 n.m. in die Gimnastieksaal, Kuilsrivier.**

Allerhande Lekkernye en Verversings verkrygbaar.

KOM SEKER — — — — — — ALMAL WELKOM

# Produksie Ten Behoewe Van Alle Volksgenote

### „LANDSRYKDOM IS VIR VOLKSDIENS DAAR"

Laat ons eers 'n paar elementêre begrippe vooropstel. Elke volk moet leef van die produksiebronne wat binne sy eie grense geleë is. Dit help nie om te antwoord: „Maar jy kan mos die dinge wat nie binne jou landsgrense geleë is nie, van elders invoer". Om hulle te kan invoer, moet jy vir hulle kan betaal. En om die geld daarvoor te kry moet jy ander dinge — wat jy nie hoef in te voer nie — produseer en hulle in geld omsit.

So kom ons weer daarop terug dat 'n volk van sy eie produksiebronne moet leef; **en hoe meer hy produseer, hoe beter gaan hy leef, mits, natuurlik, dat die produksie in verstandige bane gelei word.**

Daarom is dit vir ons lewensnoodsaaklik dat die produksiebronne op die voordeligste wyse ontgin word, sodat hulle so veel as moontlik kan lewer. Maar wat nou as enkelinge die bronne besit en dit nie wil laat ontgin nie, omdat hulle daarmee wil spekuleer of wat ook al, soos in die geval van die groot „kompanieplase" in die Transvaalse laeveld?

### DIE VERSKIL

Die essensiële ekonomiese verskil (d.w.s. ekonomies in teenstelling met die verdere etiese en rasseimplikasies) tussen hierdie nasionale vorm van sosialisme en die kommunisme is dat ons sê: „die produksiebronne word onder staatsleiding, **in die eerste plek deur die eie inisiatief van die staatsburgers,** ten volle ontwikkel in volksbelang."

**Ons glo dus aan die wenslikheid van privaatbesit; ons glo so sterk daaraan dat ons voel dat elke gesin iets van sy eie moet besit, hetsy 'n stuk grond of 'n huis of wat ook al daardie gesin die beste baat; maar juis omdat elkeen iets moet besit, durf dinge nie so ontaard nie dat die een alles besit en die ander niks nie.** Dikwels kan die ander ook niks verkry nie omdat die grootbesitter dit hou om teen woekerpryse vir spekulasie te verkoop. Hy teer op die nood van sy volksgenote en juis daarom is dit in sy belang om die nood hoër te dryf.

**O.B.-Beleid**

### VERDELING

Dit alles lei ons na die tweede sinsnede van hierdie beleidspunt. Nie net volle ontwikkeling na eie inisiatief onder staatsleiding nie, maar verder **„die aldus geproduseerde rykdom word billik verdeel tussen die verskillende deelnemers in die produksieproses."** Nie na die liberalistiese beginsel dat niemand aan bande gelê mag word nie en dat derhalwe die-een wat finansieel die sterkste is, alles vat, en die ander kan sien kom klaar — die goud vir die myneienaar en die myntering vir die mynwerker!

Alles hang van die uitgangspunt af. Solank as wat 'n mens dit voor oë hou, kan 'n mens nie ver verkeerd gaan nie. En wat was die uitgangspunt? **Dat die waardevolste bate van 'n volk die volksgenote self is.**

Die volste ontwikkeling van die produksiebronne word dus vereis, nie weens een of ander tegniese rede nie, **maar terwille van die volksgenote self.**

Maar 'n produksieproses, hoe doeltreffend ook al, wat net 'n klein minderheid van die volksgenote — en dikwels 'n klein minderheid wat nie eens volksgenote is nie, soos in ons land vandag! — gaan baat en die res as swakbetaalde loonslawe wil beskou . . . . so 'n produksieproses pas nie in die toekomsplan van die Ossewabrandwag nie.

**En daarom sê ons: Die produksiebronne van die land word onder staatsleiding, in die eerste plek deur die eie inisiatief van die staatsburgers, in volksbelang ten volle ontwikkeld. Die rykdom aldus geproduseer word billik verdeel tussen die verskillende deelnemers in die produksieproses.**

ALLE AFRIKANERS

*word hartlik uitgenooi om*

Ossewabrandwagdag

*te kom vier*

*OP DIE SKOUGRONDE*

*WORCESTER*

*SATERDAG, 17 AUGUSTUS*

SPREKER:

*Dr. J. F. J. VAN RENSBURG*

(Kommandant-Generaal van die Ossewabrandwag)

**Die BASAAR word om 4 n.m. geopen. Heerlike ETE word vanaf 6.30 n.m. bedien. Aandverrigtinge begin om 8 n.m.**

*Die O.B.-Blaasorkes sal deurgaans vrolike musiek verskaf.*

OSSEWABRANDWAGDAG, CALEDON.

**SATERDAG, 24 AUGUSTUS, 1946, om 2 uur n.m.**

**JAARLIKSE BASAAR in die BLOMSKUUR.**

Daar sal Skaapvleis, Pluimvee, Boerwors, Naaldwerk, ens., te koop aangebied word. ALMAL WELKOM.

VERGADERING

**die aand om 7.30 n.m. in die STADSAAL.**

**Sprekers:**

**Hf.genl. dr. F. du T. van Zyl en hfkomdt. W. R. Laubscher.**

Kaapstad se O.B.-orkes sal teenwoordig wees.

Alle Christelike Blanke Afrikaners is welkom.

5231—2

REISPLAN

**Die A.K.G., Genl. J. A. SMITH**

**spreek vergaderings toe op onderstaande plekke by geleentheid van O.B.-dag-funksies.**

**BEAUFORT-WES: 24 AUGUSTUS 1946**
Opening Basaar: 10.30 v.m. Middagete 12—2 n.m.
Aandete 5—6.30 n.m. Koffie, tee en pannekoek word bedien.
Om 8 uur n.m. vergadering in die STADSAAL.
Jukskei, Skyfskiet en ander speletjies.

**LOXTON: 26 AUGUSTUS 1946**
Opening Basaar 2.30 n.m. Aandete word ook bedien.
Vergadering 8 uur n.m.
Bring jukskeie saam; skyfskiet en ander speletjies.

**CARNARVON: 27 AUGUSTUS 1946**
Vergadering in die GEDENKSAAL, 3 uur n.m.
Jaarlikse Funksie en Basaar word gehou om fondse in te samel.

**FRASERBURG: 29 AUGUSTUS 1946**
Vergader in die Stadsaal om 7 uur n.m.

**SUTHERLAND: 30 en 31 AUGUSTUS 1946**
Vergadering, 30 Augustus, om 8 uur n.m.
Funksie, Saterdagmôre, 31 Augustus.

**Vriende en Belangstellendes word vriendelik uitgenooi om die Vergadering en Funksies hierbo genoem by te woon.**

5244

# SKULDIG ONDER NOODWET



Die drie-en-dertig lede van die Ossewabrandwag wat kort gelede op Upington gevonnis is omdat hulle aan 'n vlagparade deelgeneem het tydens 'n O.B.-kamp. Sewende en agste van links (voor) sit genl. J. A. Joubert en hfgenl. J. A. Strauss.

## Uit Die Week se Nuus

**SWAARDER VONNISSE:** Swaar vonnisse sal in die toekoms oor persone wat die voedselregulasies nie in ag neem nie, gevel word. By die eerste oortreding sal die minimum boete £50 wees, of een maand tronkstraf. Daarbenewens sal die hof 'n vonnis teen die beskuldigde vel vir 'n bedrag gelyk aan die markwaarde van die goedere ten opsigte waarvan die misdryf begaan is. By die tweede oortreding sal daar slegs tronkstraf toegepas word sonder die keuse van 'n boete. Die goedere kan ook verbeurd verklaar word. Indien vasgestel is dat die handelaar voedsel opgegaar het, kan die hof hom verbied om vir 'n sekere tydperk in hierdie artikels handel te dryf.

Die name van leweransiers wat die voedselregulasies oortree sal op 'n swartlys deur die Direktoraat van Voedsel geplaas word, en registrasie kan aan hulle geweier word.

**JAG OP TERRORISTE.** — Britse troepe in Palestina sit hul soektog na Joodse terroriste in Palestina voort, wat verantwoordelik is vir die moeilikhede in Palestina. Alle persone wat onwettig wapens besit, word aangekeer. Meer as 650 persone word aangehou. Skepe met onwettige immigrante probeer Palestina nog steeds binnekom.

**BAVIAANSPOORT.** — Die kamp by Baviaanspoort wat gedurende die oorlog gebruik is om die geïnterneerde Duitsers in te kamp, is deur die Departement van Gevangenisse oorgeneem. Daar bestaan 'n sterk moontlikheid dat die kamp voortaan gebruik sal word om eerste oortreders te huisves. Dit sal alleen kan gebeur as die 500 Duitsers wat nog daar aangehou word, losgelaat of na Duitsland teruggestuur word.

**VERBAN UNIE-ONDERDANE:** Alle Unie-onderdane, behalwe die wat in Kaapland gebore is, is deur die Indiese regering gelas om Indië te verlaat. Die oorspronklike datum waarop hulle moes vertrek is as 30 Junie aangegee, maar weens die gebrek aan skeepsvervoer is die datum verskuif. Alle besighede wat Unie-onderdane as werknemers het, sal hulle moet ontslaan. Die Indiese regering het ook die British Overseas Airways Corporation in kennis gestel om die Unie-onderdane wat nie in die Kaapprovinsie gebore is nie, in die pad te steek.

**GRAWE HUL EIE GRAF:** Ses-en-twintig soldate van die Chinese leër is verlede week nadat hulle vir tien minute verhoor is, doodgeskiet omdat hulle met die Japanners sou saamgewerk het. Voordat hulle doodgeskiet is, moes hulle hul eie grafte grawe.

**TEENWIG VIR PROPAGANDA:** Ten einde Suid-Afrika se standpunt oor die Indiërvraagstuk te versprei, sal die Unieregering 'n brosjure in Amerika uitgee om die Indiese propaganda in Amerika die hoof te bied. Die boekie sal ongeveer 10,000 woorde bevat en sal in Kanada sowel as in Amerika versprei word. Dit gee 'n oorsig oor die hele Indiese kwessie.

**TREK JOU TROEPE TERUG!:** In 'n nota van die Persiese regering aan Brittanje het eersgenoemde die onmiddellike terugtrekking van die Britse troepe uit Basra geëis. Hierdie nota is aan die Britse ambassadeur oorhandig.

**GEEN KLEURSKEIDSLYN:** 'n Verslag oor die kleurbeleid van die Universiteit Kaapstad soos uitgebring deur 'n komitee van die Senaat en die Studenteraad het bevind dat daar geen kleurskeidslyn aan hierdie universiteit bestaan nie, selfs nie op sosiale en sportgebied nie. Aangesien die sportliggame aan U.K. egter met ander sportliggame geaffilieer is, behou die universiteit 'n kleurskeidslyn op sportgebied. Volgens die verslag het daar nog geen klagte by die Senaat ingekom oor kleurvermenging op sosiale gebied nie.

### RUSSE SUIG UIT IN DUITSLAND

Brittanje het 'n nota aan die Russiese regering gestuur waarin verklaar word dat Rusland nie die reg het om goedere uit Duitsland te verwyder nie aleer Duitsland soveel produseer dat hy in staat is om goedere uit te voer. Die optrede van die Russiese regering om goedere uit Duitsland te verwyder is in stryd met die Potsdam-ooreenkoms. Die nota verklaar verder dat die ooreenkoms bepaal dat wanneer herstelbetalings geneem word, genoeg lewensmiddele en bronne aan Duitsland gelaat moet word om homself sonder die hulp van die buiteland aan die lewe te hou.

**VOORWAARDELIKE VERKOOP:** Jose Correita, 'n handelaar in Kaapstad, is verlede week deur die hof skuldig bevind omdat hy brood voorwaardelik aan 'n vrou verkoop het. Hy wou alleen brood verkoop indien sy ook bereid was om vis van hom te koop. Hy is ook skuldig bevind aan agt oortredings van die prysregulasies. Die staatsaanklaer het aangedring op 'n vonnis van tronkstraf sonder keuse van boete. Die beskuldigde het egter daarvan afgekom met 'n boete van £75 en daarbenewens 'n opgeskorte vonnis ten opsigte van 'n verdere oortreding.

**DUITSE KINDERS ONTVOER: 'n Vooraanstaande Duitse amptenaar het verklaar dat die Russiese owerheid duisende seuns en dogters tussen die ouderdom van 13 en 17 jaar uit hul huise in Duitsland na Rusland ontvoer het. Die Russe het verklaar dat hulle hierdie kinders wil „heropvoed".**

## SOOS ONS LESERS DIT SIEN

### „Bestendiging"

Mnr. J. P. Mulder skryf:

In Die Kruithoring van 6 Junie 1945 lees ek onder die opskrif ‚Slagdoppies' deur mnr. P. W. Botha: „Volgens 'n toespraak van dr. Hansie van Rensburg gaan die Van Rensburg-party nou sogenaamde weerstandsgroepe stig wat met of sonder samewerking van die polisie die Kommuniste moet bestry in Suid-Afrika. (1) Is daar nie genoeg jong Afrikaners gedurende die afgelope jaar mislei deur hierdie verantwoordelike leiers se optrede nie? (2) Hoeveel jong Afrikaners moet nou weer deur hul lidmaatskap van hierdie bakleiklopse in die tronk beland?". So gaan die blad voort deur vrae te stel.

'n Briefskrywer in Die Kruithoring van 4 Julie 1945 noem die O.B.-afweergroepe selfs 'n Gestapo. Die regeringsblad Eendrag het selfs die H.N.P. aangeprys omdat hy sy stem laat hoor het oor die histeriese voorstel van dr. Van Rensburg.

Daarna het die H.N.P. ook agter die O.B. aangegaan deur sogenaamde strydspanne te stig. Dit is gedoen ná die kongres op Johannesburg opgebreek is.

Die H.N.P. is nou so vas aan hul strydspanne (die O.B. se gestapo-metode) dat hulle in Die Kruithoring van 10 Julie pleit vir die bestendiging van buite-Parlementêre aktiwiteite. Die blad verklaar: „Ons vertrou egter nie dat dit beteken dat die H.N.P. aan bande gelê moet word as hy sy eie strydspanne organiseer om Nasionale vergaderings te beskerm nie." Eers is die vorming van sodanige groepe veroordeel, maar nou is hulle besig om dit te „bestendig". Volgens die H.N.P. is dit iets anders as dié van die O.B. Vir my lyk dit presies na dieselfde ding.


**ATOOMSALF**

WONDERMIDDEL vir Aambeie, alle oop sere, omlope en uitslag. Prys: 2 ons, 4/-; 1 ons, 2/3, K.M.B. Rig aan:

**Eerw. G. VAN RENSBURG,**
**Oosthuizenstraat 212**
**Posbus 14, Warmbad, Transvaal**

4876/27



**„UITGEEGELD"...**



**of TOEKOMSTIGE KAPITAAL ?**

Dit hang van uself af! Daardie paar pennies of stukkies silwer wat as kleingeld oorbly na u uitgawes van die dag —en wat u moontlik maar as „uitgeegeld" gebruik omdat hulle miskien te min lyk vir iets anders—kan vir u VANDAG reeds 'n kapitaalbaat aankoop wat 'n redding vir u gesin of vir u eie oudag kan beteken. (By voorbeeld: 1s. per dag kan vir u teen u sestigste verjaardag ongeveer £1,000 kontant oplewer!)

* Laat SANLAM daardie stuiwers vir u omsit in versekerde toekomstige kapitaal!

SANLAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD



TOT U DIENS . . .

**Geldenhuys Ingenieurswerke**

- DRAAI
- PAS
- SWEISWERK

Wynnestraat 13 — PAROW

Sien Advertensie onder Geklassifiseerde kolomme (Gemeng).



**A.V.B.O.B**

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
130 Takke



**PLUIMVEE**

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

**W. ELOFF EN KIE.**
(Edms.) Beperk
MARKET (Posbus 7188) Newtown



**R. W. van Ryn**

BRILMAKER



Bring u oogarts se voorskrifte na my, en doen u keuse uit my groot verskeidenheid moderne brilrame, asook raamlose modelle.

ONTHOU! 5de Verdieping, Groote Kerkgebou, Kaapstad.






**DIE PEN BLY MAGTIGER AS DIE SWAARD IN DIE STRYD OM DIE BESTAAN.**

LAAT DIE LYCEUM-KOLLEGE — DIE HUISUNIVERSITEIT BY UITNEMENDHEID — U VOORBEREI VIR DIE STRYD DEUR MIDDEL VAN SY MODERNSTE EN EENVOUDIGSTE TUISSTUDIEKURSUSSE. BEKWAAM U BETER IN U WERK DEUR STUDIE!

Knip hierdie advertensie uit en pos dit dadelik.

NAAM ..........
ADRES ..........
Kwalifikasies (Standerd Geslaag) ..........
Kursus waarin u belangstel ..........

(Standerds VI, VII, VIII, X, N.S.S., Matriek, Wetseksamens, Bantoetale, Boekhou, Sekretariskursusse, Joernalistiek, Ken u Motorkar, Landbou, Bantoetale, Taalbond, ens.)

**Lyceum Kollege, Posbus 5482, Johannesburg**

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**Darwin het na die SKAKEL tussen mens en aap GESOEK; DIE O.B. het die SKAKEL tussen adverteerder en publiek GEVIND!**

DIE O.B. vind sy weg in duisende huisgesinne oor die hele land, waar dit met toewyding gelees word.

**Uit klein akkers spruit groot bome . . .**
**Uit hierdie klein beleggings spruit groot diwidende.**

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: **DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.**

## GEBOORTE

VAN NIEKERK. — Aan kommandant Ben en Baby (gebore Davel) van Bellville, 'n welgeskape eersteling-seun op 2 Augustus. Naas die Heer, ons innige dank aan dokters en verpleegsters. 5235

HECHTER — Aan Kotie en Tokkie (nee Grundling) van Kirkwood, 'n fris boeredogter op 18 Julie 1946. Naas die Goeie Gewer, ons innige dank aan dokter en suster. 5236

## VERLOWING

JACK, seun van Mnr. en Mev. T. Browning van Rondebosch, met Monica, dogter van Generaal en Mev. F. H. Robertson van George, op 31 Julie. 7683

## HUWELIK

Vir partytjies, resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner Koffiehuis (K.T.K.). Uit Wandelgang, Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

## IN MEMORIAM

HUGO. — Saam het ons die jaar begin, maar die Heer het beter gedink om op 7 April ons eggenoot en pappie weg te neem sodat hy vandag sy verjaarsdag in die Hemel by Hom en ons bemindes kan vier.

Vir ons is daar vandag geen geluk nie Pappie, net u eensame graf. Ons berus in God, sy wil is die beste. — Die verlangende eggenote en kinders. Roberts Vallei, Franschhoek. 5234

## GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie.
Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.
**S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENT-WERKE (EIENS.) BEPERK**
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur).
VOORTREKKERWEG — MAITLAND.
Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

## BOME, PLANTE EN SAAD

**AARTAPPELMOERE en TAFEL-AARTAPPELS.** — Mooi gesonde Arran Chief aartappelmoere. Eiergrootte 34/-, groter 32/-. Graad I tafelaartappels 30/-, 153pd.-sakke, op Petrusburg-stasie gelewer. Bestel dadelik om teleurstelling te voorkom. — D. J. DE KOCK, Uitkyk, Pk. Petrusburg. 5162

**HERHOLDT se JUBILEUM PERSKE.** — Die gevierde „Kersfees Elberta"; profyt-bringer vir die vrugteboer; genotvol in die huisboord. Voorkom teleurstelling. Plaas u bestellings nou vir ons beroemde swaardraende Vrugtebome. ROSE van bekoorlike prag in kleurryke sorterings. Pryslyste vry. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, JOHANNESBURG.

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.** — Detroit Beet 9/-; Chantenay Wortels 12/-; Suiderkruis Blomkool 18/-; Reliance Blomkool 20/-; Kaap Spitzkopkool 10/-; Koel en Broos Komkommer 12/6; Tom Watson en Wonder Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 20/-; Skorsies: Hubbard Groen, Lang Wit Bos en Murg van Groente 10/-; Perstop Raapsaad 7/6. Uie: Australiese Bruin 7/6; Kaapse Plat 9/6; Silver King 10/6; Prei 20/-. Tamaties: Marvel 25/-; Marglobe 40/-. — K.M.B. van PREMIERS, Posbus 11, Schoemanshoek. 3/7/V

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.** — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waatlemoen 4/-, 6/-, 10/-. Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

## GENEESMIDDELS

**ASMA-LYERS.** — Herwin volkome gesondheid. Duitse klierstowwe maak vertraagde kliere werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede: AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, DURBAN. 7207/4/B

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

**BLY JONK.—GRYSHAARWONDER.** Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

## GEMENG

**DRAAI-, PAS- en SWEISWERK** en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE. Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

**ELEKTRIESE WARE.** — Vir alle elektriese installasies en benodigdhede raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, Paarl. Foon 354.

**ELEKTRESO EN KIE.** — Elektrisiteits- en Werktuigkundige Ingenieurs, Voortrekkerweg 30, Bellville. Ons doen ankerwikkeling van enige motor of ontwikkelaar. Herstelwerk aan enige elektriese apparaat. Draai-, pas- en sweiswerk. Kom na ons. U werk word snel verrig deur gekwalifiseerde ambagsmanne. 5564-1

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertroë. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

## PLUIMVEE

Bestel nou WIT LEGHORN DAG-OUD-KUIKENS van gesonde hoenders, uit my Porritt-bloed. Broeitome met spesiale Porritt Stoethane. £6-10-0 per honderd. 2-maande oud Hennetjies teen 6/6 elk. Vry op spoor Zinja-sylyn. — MEV. H. J. VILJOEN, Rustdal, Indwe. Foon 812 Ida. 5206-2

**DAGOUD-KUIKENS.**—Rhode Island-Reds dagoud-kuikens, „Ardenlee en „Glen." Beste bloed teen £6 per 100. Lewendige aflewering gewaarborg. Een „Buckeye" Broeimasjien. Hou 600 eiers. In goeie werkende toestand. Prys £19 of naaste aanbod. Foon 1012. — J. PAPENFUSS, „Saailand," Tweeling. 2B

2B

**HENNETJIES.** — Twee maande oud wit Leghorns (Porritts Ras), 6/- elk. Pragtig en gesond. Gelewer Zuigusylyn. Bestel dadelik om teleurstelling te voorkom, van Mev. L. J. JORDAAN, Die Vlakte, P.K. Indwe. 5239

**PUIK KUIKENS.** — Australorps, Leghorns en kruis teen £6 per 100, K.B.A. of K.M.B. Enige hoeveelheid, onmiddellike aflewering. Broeiplek teen 15/- per 100. H. R. MALAN, Pk. Kerstfontein, PAARL. Foon 6203. 26/6/V

## MISSTOWWE

KAROO-KRAALMIS. — Gemaal met hamermeul, 12 sakke per ton, teen 37/6 per ton, as nie minder as 10 ton geneem word nie. K.M.B. gelewer Middleton-stasie. — T. C. NEL, Golden Valley. 5177-6

**RU SUIWER KAROO-KRAALMIS** 14/- per ton. Kontant. V.O.S. Middleton. — T. C. NEL, Golden Valley. 5188/6

**KARROO KRAALMIS MEEL:** Beste kwaliteit gelewer in dertien goeie tweede-hand sakke per ton. Teen £1/17/6 per ton, of £1/5/- per ton los in trok. 50 x 50 As mengsel teen £2 per ton in elf sakke per ton, gelewer in trok. Bestellings vergesel van kontant sal voorkeur geniet. C. P. COETZEE, Voortrekkerstraat, PEARSTON. 5530TK

## KENNISGEWING

**DIE NELSPRUIT O.B. FONDSDAG-FUNKSIE,** soos gereël vir 10 Augustus, is weens onvermydelike omstandighede uitgestel tot 14 September 1946. 5241-2

## HORLOSIEMAKERS

Vir horlosiereparasies spreek **STEYN en SWART**, Posbus 3531, KAAPSTAD. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

## MEUBELS

**PETRA-MEUBELS BPK.**—Die goedkoopste Meubelwinkel in Pretoria vir kwaliteit-meubels. Radio's in voorraad Posbus 1356 PRETORIA.

**MEUBELS.** — Swierige en duursame Tambotie- en Klaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabriekspryse. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg Telegramme: „Tambotie." Tel. 138.

**MEUBELS.** — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK. en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Philips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

## MEUBELS TE KOOP

**RUSBANK** en twee Gemakstoele (bekende Malaastel) in stinkhout, toegerus met binneveer-kussings. Splinternuut. Sal sorgvuldig verpak word. Prys £70, K.B.A., Retreat-stasie. — Mev. ELS, Tokai Verbeteringsgestig, P.K. Retreat, Kaapstad.

## TE KOOP

**BUL.** — Geregistreerde rooi Afrikanerbul. „Deelvlei Jop No. 376", ses jaar oud. Vader „Buffel 2de No. 933", Moeder, „Deelvlei No. 230". Geteel deur Mnr. J. H. du Plessis, Hoopstad. Prys £30. — J. A. Coetsee, Amana, Knapdaar, K.P.

**NIERBONE.** — Goeie gemiddelde kwaliteit, 85/-. Klein Wit (Haricott) do. 72/6 per sak van 203 pond. V.O.S. Devon-stasie. K.M.B. — P. PENNING, Bus 6, Devon. 5224-3

**1 OPREGGETEELDE BULL TERRIER REUN.** Twee jaar oud. Geen foute. Rede van verkoop: gaan toelê op skaaphonde. Prys £5. — Skryf aan: BAAS VAN ZYL, Kapteinsdrif, Bonnievale. 5203

**OOIE.** — 100 Afrikanerooie (skraal) met 2 maande oud lammers, teen £2 elk, of hoër aanbod. Skryf aan: G. HEYNS, Boesak, P.K. Roodewerf, Calvinia.

**KUIKENS.** — JOHS. J. COETZER, DIE WOLWAS, WINBURG, O.V.S. boek kuikens vir OKTOBER en NOVEMBER-aflewering, R.I.REDS, SWART AUSTRALORPS en WIT LEGHORNS. Kuikens groot en sterk, uitgebroei met Petersime Elektriese Broeimasjiene, gewaarborg vry van B.W.D. en Hoendertifus. Prys £5-10-0 per 100. 14/8/6B

**PATATRANKSTEGGIES:** Tevredenheid gewaarborg. Goeie gehalte. 10/6 per duisend (1000), 6 maande, wit driemaande en borrie. K.M.B. — S. P. GERBER, Possak Serpentine, Distrik George. 5568

**PATATRANKE.** — Sesmaande Patatranke teen 7/- vir 83 lb. Gesny, 10/- per 1,000. Witranke 7/- vir 40 lb. Gesny, 10/- per 1,000. Gelewer Serpentine Sylyn. K.M.B.—PAUL BOTHA, P.K. Hoekwil, dist. George. 5599Tk

**PATATRANKE:** Beste Rooigrond-patatranke. Sesmaande 7/- vir 80 pond sak. Wit driemaande 7/- vir 40 pond sak. Borriesteggies 12/6. H. ROELOFSE, Possak Serpentine, GEORGE. 5218

**PATATRANKE:** Die beste Boerepatatranke van Suid-Afrika. Sesmaande 7/- vir 83 pd. Wit en borrie 7/- vir 43 pond; 10/- per 1000 steggies. Alles verpak in digte sakke. Gelewer K.M.B. op Serpentine. P. J. GERBER, C./sn., Hoekwil, GEORGE. 5569

**RAMME.** — Drie Merinoramme, Naude en Pepler. Twee sestand teen £7-10-0 stuk, een volbek teen £5. Goeie kondisie, en groot gladde lywe. Ook een donkerbruin ry- en karperd, 15 hande hoog, sterk gebou, mak, goeie kondisie, en 8 jaar oud. Prys £25. — D. SERFONTEIN, Sarina, Lindley.

**SPANPAALTJIES** (droppers), lengte en dikte volgens bestelling; enige hoeveelheid. Gelewer Wolseleystasie. — L. BIELDT, Meulstraat, Wolseley. Foon 24. 4877/52

**TAFEL-AARTAPPELS.** — Heerlike vars, gesonde Up-to-Date Tafel-aartappels teen 32/6 per sak 153 lb. V.O.S. Bethlehem. Ek waarborg tevredenheid. S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, BETHLEHEM.

**VERSE.** — Vier baie mooi geregistreerde Friesverse. Drie 2 jaar oud en sal binnekort kalf. £45 stuk. Een 3 jaar oud met verskalf, £65. Twee jong bulletjies, £25 stuk. Bakenskraal Lindbergh bloed. Ook vyf graadverse wat binnekort in melk kom. Uitmuntende kondisie. — H. LOUW, Firgrove. 14/8/3B

**VERSE.** — 30 Pragtige welgeteelde Afrikanerverse, 2 jaar oud. Dis die geleentheid vir iemand om eersteklas teelvee te bekom. £10 stuk. Ook 14 2 jaar oud Afrikanerossies (ongeleerd) teen £8-10-0 stuk. Dieselfde gehalte as verse. Kondisie van bogemelde vee uitstekend. Inspeksie welkom. Doen aansoek: J. E. VAN DER MERWE, Posbus 147, Kroonstad.— Foon 2413.

## TE KOOP GEVRA

**BENE.** — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

## TE KOOP AANGEBIED

**RYPERD.** — Brandwagte, ek bied my ryperd aan, 6 jaar oud, 15 hande hoog, donkerbruin bles. Sterk gebou, gang nie, maar ry makiik. Vet, mak en gesond. Trek ook uitstekend in kar. Prys £30. Ook een ligte perdekar met tuie. Alles in goeie toestand. Prys £20, gelewer Indwe. — P. DE CONING, Alpha, Indwe. 2B

**DONKIEHINGS.** — Een Katalonieseetipe donkiehings. Swart-witpens, nege jaar oud en in goeie kondisie. Goeie werker. Prys £10. — W. LOMBARD, Fontein, Adelaide. 5232-3

**BUL.** — Een korthoringbul, Het-Lod Prince No. 10862/22, gebore 15 September 1939. Vader E. F. Golden Prince No. 9574, Moeder Het-Lod Winnifred No. 12804. Prys £20.—W. LOMBARD, Fontein, Adelaide. 5232-3

**BUL.** — Een korthoringbul Haslop Lord Pengilley II No. 10411/21, gebore 15 April 1939. Vader die bekende Haslop Badcock No. 9640 en Moeder Haslop Lady Pengilley No. 12135. Prys £50. — W. LOMBARD, Fontein, Adelaide. 5232-3

**DAGOUD KUIKENS** van allerbeste bloedgetoetste rasse. Suiwer rasse £7, kruise £6-10-0 per 100. Australorps, R.I.R., Leghorns, Pekin en Rouen broeieiers 7/6 per broeisel. Skryf aan: Dr. VAN DER MERWE, Posbus 36, Bellville. 5233-4

## BETREKKING VAKANT

**MEUBELMAKER** benodig met minstens drie jaar ondervinding. Meld ouderdom, wanneer dienste aanvaar kan word, en verstrek aanbevelingsbrief van plaaslike Komdt. of Genl. Doen aansoek by: KERKSTRAAT MEUBELMAKERS, VRYBURG, K.P. 3B

## ALGEMENE HANDELAARS

**COETZER SE WINKEL** H/v. Merriman- en Cookstraat, VASCO vir Dames en Babaklerasie, Kruideniersware, Verf ens. 5600TK

**KONTRAKTEUR EN ALGEMENE HANDELAAR.** — D. S. du Toit, Armoed Oudtshoorn. — Kontrakteur: Dors-, ploeg- en skraapwerk met moderne masjinerie — Algemene Handelaar: Lusernsaad, lusernhooi, heuning, amandels, ens. — Navrae: Enige Karoo-produk verwelkom.

**OOSTELIKE WINKELS.** — Besoek ons by ele nuwe perseel. H/v Adderley- en Pellstrate, Port Elizabeth. TK5529

## BENODIG

**'n DAME** as hulp in Inrigting. Ouderdom 19 tot 30 jaar. Salaris £5 per maand met vry losies. Moet langer as ses maande bly. Gesondheidsertifikaat noodsaaklik. — MATRONE, Auckland Park Verpleeginrigting, Walton Laan 13, Johannesburg. 3B

## KLEREMAKERS

**STEYN en SWART,** voorlopig h/v. Merriman en Cookstrate, VASCO. Die Kleremakers met 'n reputasie. Hou dop vir hul nuwe adres. 5567

**DESKUNDIGE HERSTELWERK** aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Kerkstraat 68, Kaapstad. Foon 2-5454.

## VAKANSIE-OORDE

Vir 'n genotvolle vakansie kom na VERGENOEGD, RIVERSDAL. Die ideale plaas met sy natuurskoon. Vriendelike behandeling, gerieflike kamers, geurige etes. Billike terme.—Doen aansoek: MEV. A. BADENHORST. 31/7-12/9

## HOTELLE

**MAJESTIC HOTEL,** Ceres (Eienaar J. W. Brummer) Foon 114). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende dienste, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## WYNE

**VYF GELLING** Muscadel-likeur £1 12s. 6d; anker £3 17s. 6d.; 5 gelling Rooi of Wit Muscadel, Jeripigo of Beste Ou Port £2 2s. 6d.; anker £3 2s.; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2 18s 6d.; 5 gelling Worcester Hoch Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1 15s.; anker £2 11s. Voorwaardes Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, BONNIEVALE, K.P.

*Goeie Voedsel*
*Vars Lug*
*Ontspanning*
*Rus*

**—Hierdie Vier Vereistes vir Goeie Gesondheid vind vervulling by**

# Die BAD Warmwaterberg

Sonnige Gesondheidsoord van die Klein-Karoo. Aangename Geselskap en die Water wat genees bied verdere Verkwikking vir Liggaam, Siel en Gees.

**MODERNE GERIEWE**
**BILLIKE TARIEWE**

Telefoneer om Akkommodasie:
**Warmwaterberg No. 1,**
of skryf aan:
**Bestuurder,**
**Bad Warmwaterberg,**
**oor Barrydale, K.P.**
5240—4

## Aandag, Boerejeug!

Sedert die ontstaan van die Boerejeug het ons al verskeie kere van offisiere verneem, en ook reeds van hulle ontmoet, wat, as gevolg van die ondervinding wat hulle in die Beweging opgedoen het, baie opbouende wenke in verband met die organisasie aan die hand gedoen het. Hulle gedagtes was nie beperk tot die hede nie, maar hulle het ook oor die toekoms gedink.

**Hierdie verskynsel is baie prysenswaardig. Dit is 'n bewys daarvan dat die Boerejeug vir daardie offisiere 'n werklike erns is en dat hulle hulself steeds vir die vooruitgang van die Beweging beywer.**

Ten einde aan sulke persone die geleentheid te bied om hulle idees na vore te bring, is dit goedgedink om hulle te versoek om dit op skrif te stel; en wel in die vorm van 'n opstel met die onderwerp: „Die Boerejeug: Vanwaar en Waarheen?"

Ons wil hoegenaamd **geen beperking op die lengte of inhoud** van die opstel plaas nie. Ook stel ons geen ouderdom vas nie; enigeen is geregtig om deel te neem. **Wees idealisties, dog prakties.**

Twee boekpryse sal vir die twee beste opstelle toegeken word. Ook sal van die opstelle in „Die Boerejeug" gepubliseer word.

Alle opstelle moet Boerejeughoofkwartier **nie later as 30 September 1946** bereik nie. Deelnemers moet hulle volledige name, adres, geboortedatum en O.B. of Boerejeugrang meld.

**ALGEMENE HANDELAAR**
en
**PRODUKTE-KOPER**
**S. J. KRYNAUW**
vir
**Kruideniersware teen die billikste pryse.**
Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer
**H/v. Garcia- en Nuwestraat.**
**Foon 68** **Bus 54**
**BEAUFORT-WES.**

# „EXCELSIOR"

**Die naam wat u waarborg vir suiwerheid en kwaliteit is, bied u Wyne, Brandewyne en Likeure aan wat met die grootste sorg en moeite vermeng en verouder is vir u genot.**

**Alleenlik die BESTE is goed genoeg vir u — EXCELSIOR PRODUKTE IS DIE BESTE.**

—o—

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling-vaatjies. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Spesiaal Soet .. .. .. | 2/6 | 11/- |
| Rooi en Wit Jeripiko .. | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Malmsey . | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port .. .. .. .. | 1/8 | 8/- |
| Port, Pontak, Worcester Hock en Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Goue Sjerrie (Droog) .. | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie .. .. | 2/3 | — |
| „Cocktail" .. .. .. | 4/- | — |
| Vermouth (Droog en Soet) | 2/9 | — |
| **DROË WYNE:** | | |
| Boergonje (Rooi) .. .. | 1/9 | — |
| Riesling en Droë Wit .. | 1/6 | — |
| **FONKELWYNE:** | | |
| Grand Spumante .. .. | 10/- | — |
| Grande Splendore .. .. | 7/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Eureka .. .. .. .. .. | 8/6 | — |
| A.I .. .. .. .. .. .. | 8/- | — |
| Boegoe .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **LIKEURE:** | | |
| Peperment .. .. .. .. | 7/- | — |
| Kersie, Van der Hum, Gemmer en Anys | 6/6 | — |
| **JENEWERS:** | | |
| Droë, Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

**VOORWAARDES:**
Voeg by 20/- per vaatjie en 5/- per kissie met bottels. Hierdie deposito's word onmiddellik vergoed op ontvangs van leë inhouers, spoorvrag betaald.

**EXCELSIOR WYNMAKERY**
**(Edms.) Bpk.**
**VLAKTEPLAATS-STASIE**
**(KAAPLAND)**

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

Byvoegsel tot Die O.B. van Woensdag, 14 Augustus 1946.

# JEUGSENTRUMS
## ONS IDEAAL

**Die eerste artikel in hierdie reeks het gehandel oor die WENSLIKHEID van 'n jeugsentrum in elke stad en dorp. Hierdie keer gaan ons probeer om die ideale Jeugsentrum te beskryf. Ons hoop dat van die Jeugoffisiere en van die Boerejeug self daarna vir ons wenke en sketse sal stuur sodat ons saam ons ideale jeugsentrum kan optrek.**

Nou goed, hier volg 'n lugkasteel. Soos die geval met alle ontwerpers en bouers van lugkastele is, veronderstel ons natuurlik dat ons oor die middele beskik om ons grootse planne te verwesenlik. Die eerste vereiste is 'n geskikte terrein, sentraal geleë en groot genoeg om nie alleen die gebou (of geboue) wat ons gaan oprig te bevat nie, maar ook die speelgronde. Oor die uitlê van die gronde en die bouplanne word 'n bekwame boumeester geraadpleeg. Baie vakmanne sal seker hulle hulp moet verleen alvorens ons jeugsentrum eindelik in al sy prag en praal daar staan. Maar ons verwag dat die jeug self 'n groot aandeel aan die werk sal hê. Sowel seuns as dogters kan 'n handjie bysit en help om hulle republiek te stig. Miskien sou hulle noual kan sê wat hulle met eie kragte tot stand sou kan bring.

### DIE GEBOU

As ons die terrein het, moet die gebou volg. Hoe groot die gebou gaan wees en hoe dit daar moet uitsien hang natuurlik af van wat ons alles onderdak wil bring. In die eerste plek moet die gebou 'n ruim en gerieflike saal bevat. Die saal moet o.a. geskik wees vir toneelopvoernigs, rolprentvertonings, gimnastiekuitvoerings en volkspele. Verder is nodig: 'n kombuis, 'n stoorkamer, 'n verkooplokaal, 'n werkkamer vir seuns, 'n werkkamer vir dogters, 'n badkamer vir seuns en een vir dogters. Dit is die minste wat nodig sal wees; daar kan maklik bygevoeg word, maar ons wil nie teveel vra nie. Miskien kan 'n kinderkliniek daar nog gevoeglik bykom waar Noodhulp en verwante sake behartig kan word, en 'n bevoegde medikus 'n wakende oog op die jongspan kan hou.

As julle 'n skets van die gebou gaan maak, moet julle die stoorkamer nie te klein maak nie. Dit moet plek hê vir atletiek- en gimnastiekbenodighede, vir gereedskap, vir eetgoed en vir werkgoed, en wat dies meer sy.

### EIE HANDEWERK

Die verkooplokaal gaan die Jeug se winkel wees. Die winkel sal op vasgestelde tye oop wees, hoofsaaklik seker op Saterdagoggende. Daar verkoop hulle eiegemaakte goed, selfgekweekte groente, vrugte en blomme, koffie, tee, koek, beskuit, roomys, lekkers. Oor die beginsels waarvolgens die verkoop geskied, gesels ons later. Die kinders sorg dat hulle hul ware betyds goed adverteer en stel vir die doel hulle eie plakkate en strooibiljette op.

Die gebou kom nog 'n kamer kort, nl. 'n kantoor vir die Sekretaris. Hierdie amptenaar sal 'n volwassene wees wat met die toesig oor gebou en gronde belas is en as algemene raadgewer dien. Die beheer is verder in die hande van die Boerejeug en hulle offisiere. Die van hulle wat gedurende 'n bepaalde tyd op diens is, verskyn in hulle uniforms met 'n kenteken daarby wat aandui in watter hoedanigheid hulle besig is om op te tree.

Daarmee is na ons mening die gebou so naasteby aangedui. Volgende keer is die gronde aan die beurt.

## Verrig Landsdiens



Boerejeuglede besig om landsdiens te verrig onder leiding van komdt. Dawid Joubert tydens 'n laertrek op Rietvlei.

## BRIEF NR. 3

Boerejeug,

Die vorige keer het dit oor ons plig teenoor ons naaste gegaan. Daarby is die vraag gestel wie dan ons naaste is en die antwoord gevind in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan. In aanvulling wil ek juis hierdie keer iets vertel wat ek self beleef het en wat destyds 'n diep indruk op my gemaak het.

Dit was êrens aan die Natalse kus waar ons met vakansie was. Vir die kinders was die sand en water 'n ware paradys. Daar was egter 'n Engelse seuntjie van 'n jaar of tien en 'n Boereseun van dieselfde leeftyd wat nie aan die kinderpret deelgeneem het nie. Die klein Engelsman was nl. as gevolg van kinderverlamming gebreklik en kon alleen met behulp van 'n ysterstiebeuel aan die een been loop. Daarom moes hy hom maar stil hou. Die Afrikanertjie weer het in die Engelse omgewing vreemd gevoel en het hom dus ook maar eenkant gehou. Langsamerhand het die twee met mekaar kennis gemaak en saam sandkastele gebou. Mekaar verstaan kon hulle nie, maar saamspeel kon hulle wel. Nou kom die ding wat ek eintlik wou vertel. As die kreupel seuntjie in die water wou gaan, moes hy eers die ysterharnas van sy been afhaal en op die sand laat lê, om dan hande-viervoet na die water te kruip. Dat hy dan pynlik bewus van sy gebrek was, kon 'n mens sommer sien. Was hy eenmaal in die water, dan kom hy hom weer behelp; dan kon niemand sy swak beentjie meer sien nie en was hy soos enige normale kind. Die eerste keer wat die twee maats saam ingegaan het, het die een gekruip en die ander geloop, maar dit was ook die laaste keer. Daarna het albei watertoe gekruip en het hulle dit telkens 'n wedstryd gemaak om te sien wie eerste daar sou wees, 'n wedstryd wat keer op keer in die guns van die mank seuntjie afgeloop het — hy was meer bedrewe in die kruipkuns. Weg was sy skuheid en selfbewustheid. Hierdie naastediens is onbewus gedoen, die mooiste en doeltreffendste manier waarop 'n mens sy naaste kon dien. So geskied dit nie uit 'n blote pligsbesef nie, maar uit die warme liefde van die hart.

So kan die roepstem te enigertyd tot enigeen van ons kom om sy medemens in sy nood te help. En dan vra ons nie wie of wat hy is nie, ons sien net sy ellende of sy gevaar raak. Mag dit ons dan gegee wees om nie te aarsel nie, maar om dadelik by te spring en te help sover ons daartoe in staat is. Ja, al sou ons daarby ons eie lewe moet waag. Want „groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee".

Jouself liefhê, ja, maar ook, jou naaste liefhê soos jouself. En jou naaste is enigeen wat jou hulp nodig het.

DIE JEUGLEIER.

## Amptelike Kennisgewings

(DEUR DIE JEUGLEIER.)

Die volgende twee laertrekke wat gedurende die eersvolgende skoolvakansie gehou sal word, word hiermee bekendgemaak.

GEBIED C: Fouriesburgstasie — 28 September tot 5 Oktober 1946. (Boerejeugbevel 3/46.)

GEBIED D, E en F: Mooinooi, Brits-distrik; 5 tot 14 Oktober 1946. (Boerejeugbevel 4/46.)

Nadere besonderhede kan van die plaaslike Jeugveldkornet of direk by die Jeughoofkommandant verkry word.

## Eie Biblioteek

Onlangs is daar vir die eerste keer in die geskiedenis van kommando JF4-Wes 'n biblioteek geopen.

Die offisiere wat verantwoordelik was vir hierdie prysenswaardige onderneming is veldkornet W. Smit en veldkornette C. Mocke van JF4b2. Met behulp van die groot O.B.-offisiere het hulle 'n kamer op die werf van 'n sekere dame-offisier bekom en dit behoorlik ingerig. Veldk. Smit het dit met behulp van sy offisiere uitgeverf. Die dogters het die gordyne gemaak en die boeke help oortrek. Nadat die rakke voltooi is, het hulle die kamer versier met 'n kiekie van die K.G., die O.B.-wapen en dies meer.

Hoofkommandant P. W. Buys, Stafhoof van Gebied F, het die deur oopgesluit en die biblioteek amptelik geopen verklaar. Na 'n kort toespraak het kommandant Buys die boek **Slechtkamp van Spioenkop** wat voorin deur genl. Henri Slechtkamp persoonlik geteken is, aan die biblioteek geskenk.

Die verrigtinge is verder voortgesit deur jukskei speel en die verkoop van koeldranke en lekkers tot stywing van die betrokke Veldkornetskap se kas. Die Jeugoffisiere word van harte geluk gewens met hulle ondernemingsgees en alle sukses toegewens vir die toekoms. (Ingestuur).

## JEUGHOOFKOMMANDANTE AANGESTEL

Met die reorganisasie van die Boerejeug wat onlangs deurgevoer is, is die volgende offisiere en Jeugkommandante deur die Jeugleier aangestel:

**Gebied A:** S. J. Kamffer, Groote Kerkgebou 603, Kaapstad.
**Gebied B:** H. Heunis, p/a. Posbus 3128, Port Elizabeth.
**Gebied C:** P. J. Taljaard, p/a. Boerejeughoofkwartier. (Waarnemend).
**Gebied D:** I. M. van Rooyen, Misgunst, P.S. Seven Oaks, Natal.
**Gebied E:** H. C. du Toit, p/a. Posbus 8576, Johannesburg.
**Gebied F:** J. H. van der Merwe, p/a. Posbus 1230, Pretoria.

## TOETS U ALGEMENE KENNIS

**Antwoorde: Toets 5**

1. United Nations Relief and Rehabilitation Association.
2. (1) S.A. Stoeikampioen; (2) S.A. kampioen oor wedlope 220—440 tree; (3) S.A. ope-gholfkampioen.
3. Bond van Verenigde Volke; New York.
4. Penicillin.
5. Om die Verkryging en okkupasie van vaste eiendom in Transvaal en Natal deur Indiërs te beperk en verteenwoordiging aan hulle in die parlement en die Natalse Provinsiale Raad te gee.
6. Generaal Francisco Franco; Genl. Carmona (President).
7. 27 Februarie 1881.
8. Berlyn; 1936.
9. 24902 myl.
10. 153.

### VERJAARDAGKETTING

8 AUGUSTUS: Sollie Pienaar, George; Jacobus Nortje, George; Christie Neethling, Stellenbosch; Truda Louw, Stellenbosch; Andries Marais, Humansdorp; Rita Goosen, Nababeep; Ansie Hougaard, Paarl; Willem Pretorius, Boshoop; Hetta Riekert, Saulspoort.

9 AUG.: Johannes Olivier, Merweville; Helgard Muller, Two Streams; Hendrik van der Walt, Groenpunt; Elias van Niekerk, Alheit; Sarel Vorster, Maribogo; Christina van Rensburg, Port Elizabeth; Mageritha Jordaan, Sutherland; Jacomina Steyn, Bewley; Bessie van Zyl, Waterkloof; A. E. Pretorius, Makoppa.

10 AUG.: Johann van Zyl, Moorreesburg; Roemaria Albertyn, Bellville; Cynthia van der Walt, Woodstock; Joseph Schmidt, Port Elizabeth; Benjamin Schmidt, Port Elizabeth; Magiel Maans, Wilgenhoutsdrift; Pieter Grove, Diamantdoorns; Dirkie Welthagen, Mooinooi.

11 AUG.: Maria Bothma, Beaufort-Wes; Maria Louw, Marchand; Elizabeth Coetzee, Nababeep; Piet Jooste, Loxton; Johanna Retief, Wellington; Stephanus du Toit, Fouriesburgstasie; Susara Theron, Petrusburg; Augustus Roodt, Louis Trichardt; J. M. van der Berg, Maricodraai; Louis Botha, Koedoeskop; Ryno Eksteen, Rosehough.

12 AUG.: Bettie Botha, Stellenbosch; Obed Oelofse, Port Elizabeth; Izak van der Schyff, Port Elizabeth; Hennie le Roux, Alheit; Johannes Barnard, Groot Brakrivier; John Bronner, Maribogo; Gert Gagiano, Marchand.

13 AUG.: Susanna Ellis, George; Noldeen Hesketh, Sutherland; Herman du Toit, Wellington; Elsie Janse van Rensburg, Kirkwood; Jan Swart, Pinelands; Nola Coetze, Paarl; Matthys Ras, Malmesbury; Cornelia Viljoen, Slabberts; Matilda Hoogendyk, Zeerust; Martha Robertse, Moedwil; Hester Smit, Matooster.

14 AUG.: Josephus Olivier, George; Stella Heyns, Bellville; Anna Viljoen, Goudini; Fredrika Slippers, Aughrabies; Rina du Toit, P.K. Loxton; Annie Eysen, Robertson; Martha van Niekerk, Ficksburg; Valerie van Deventer, Frankfort.

DIE KAPPIE VOLKSPELELAER
(Onder beskerming van die R.D.B.)

hou Vrydagaand, 16 Augustus, 1946, om 8 uur n.m.

VOLKSPELE

in die MONICA DAMES HOSTELSAAL, Hoofweg, Observatory.

Kom Seker. U is welkom. Toegang 6d. R.D.B.-lede 3d.

5237

REUSE VOLKSPELE-KURSUS
te
ADELAIDE (K.P.)
onder leiding van
Mev. De Ridder en Stephen Eyssen
vanaf 30 September tot 4 Oktober.

Besonderhede van:
G. KOORTS, HOSTEL, ADELAIDE (K.P.)

5229-3

# VLUG UIT EUROPA



'n Groot vlug van Jode uit Europa is aan die gang. Op die foto is 'n groep wat op pad uit Pole na die Amerikaanse besettingsgebied is. Verlede week is berig dat die Amerikaanse bevelhebber besluit het om nie meer Jode daarheen toe te laat nie.

# Jodehaat In Europa Nou Erger As Onder Hitler

„Anti-Semitisme is vandag 'n baie magtiger en meer populêre mag op die Europese vasteland as wat dit was gedurende die opkoms van Hitlerisme. Was dit nie vir die sterk besettingsleërs wat steun aan die regerings verleen in hul poging om die anti-Semitisme te bestry nie, loop die Jode in die gebied vanaf die Balkan tot aan die Swartsee gevaar om in een nag uitgedelg te word," was die woorde van 'n Joodse wêreldleier nadat hy in Amerika teruggekeer het uit Europa waar hy 'n Joodse kongres bygewoon het.

Hierdie spreker, dr. Perlzweig het verklaar dat dit „nutteloos is om te probeer ontken dat die gees van Hitler 'n groot morele oorwinning in Europa behaal het." Die posisie waarin die Jode in Europa hulle bevind is gevaarliker as wat die res van die Jodedom besef.

Die verskyning van die anti-Joodse gevoel wat die Jode uit die ekonomiese lewe wil weer, is 'n skrikwekkende feit vir die Europese Jode. Hy verklaar dat die regerings van die „bevryde" lande nie in staat is om die goed georganiseerde groepe wat daarop uit is om die Jode te belet om weer hul eiendom terug te kry, te weerstaan nie.

In Pole het dit veral onuithoubaar vir die Jode geword. Daar word op groot skaal 'n Joodse uittog uit die land georganiseer. Joodse leiers het verklaar dat burgeroorlog binne 'n jaar in Pole sal uitbreek en dat elke moontlike poging aangewend moet word om al die Jode voor daardie tyd uit Pole te verwyder anders sal daar nie een Jood lewendig uit die stryd kom nie. Die Poolse bevolking kan geen Jood onder hulle oë meer verdra nie.

Verklaar word dat die haat teen die Jode so 'n omvang aangeneem het dat die Jode dit skaars waag om hul gesigte op straat te wys. Dr. Goodman, 'n Joodse leier in Pole, verklaar dat Jode dit ten strengste vermy om snags per trein te reis, omdat hulle eenvoudig deur die volk uit die treine gesmyt word. Hy het verklaar dat die Jode ten alle koste die land moet verlaat.

Gedurende die volgende maande sal sowat 40,000 Jode uit Pole na die Amerikaanse besettingsgebied van Duitsland verhuis. 'n Maksimum van 150,000 Jode sal gedurende die loop van die jaar deur die Amerikaners in hul gebied toegelaat word. Offisiere in die Amerikaanse leër het verklaar dat indien die stroom van Jode wat die Amerikaanse gebied binnevloei, aanhou soos dit tans die geval is, die Amerikaanse leër binnekort aan meer as 3 miljoen Jode huisvesting sal moet verleen.

Die groot probleem wat met die instroming gepaard gaan, is voedselverskaffing en huisvesting. Dit geskied ten koste van die verhongerde en daklose Duitsers.

Volgens 'n amptelike Amerikaanse aankondiging sal Joodse vlugtelinge uit die Britse besettingsgebied nie meer in die Amerikaanse gebied toegelaat word nie. Verklaar word dat die Engelse nie hul deel doen om die Jode te huisves nie.

# Onkeerbare Geesdrif In Die Paarl

**Die inspanning van die ywerige offisiere van Paarl is verlede Saterdag op skitterende wyse bekroon toe hierdie hoofkommandantskap sy O.B.-dagfunksie gehou het.**

Die verrigtinge is gelei deur hfkomdt. C. Pretorius, wat 'n belangrike aandeel aan die organisasie geneem het saam met die nuwe generaal, oom Willie Marsh.



GENL. W. MARSH.

Die puik basaar van die vroue-kommando onder leiding van komdt. mev. S. Voigt (tans ook waarnemende generale vir Gebied A) en haar ywerige adjudante, velükte. mej. E. M. Roux, het dan ook die gulhartigste ondersteuning van die Afrikaanse publiek geniet. Dit is om 3.30 die middag deur mev. ds. Roux met 'n besielende toespraak geopen en het voortgeduur tot laat in die aand toe nog steeds goedere opgeveil is aan besoekers ook van buite die O.B.-geledere.

Die Boerejeug, onder leiding van komdte. M. C. Hofmeyr en komdt. J. Wahl, het 'n skitterende bydrae gelewer, terwyl die manne-kommando's van komdt. André du Toit en komdt. Pierre de Villiers (die beroemde Springbok-skrumskakel) vir 'n belangrike deel van die fondse verantwoordelik was.

Na die onlangse reorganisasie, so is verklaar, het daar 'n onkeerbare geesdrif in die Paarl losgebreek.

In die aand het hfkomdt. N. G. S. van der Walt, redakteur van Die O.B., 'n toespraak gehou en 'n uiteensetting gegee van die Ossewabrandwag se eenheidsbeleid. Hy het onderskei tussen die ideaal van 'n partylose volkstaat waarna die O.B., wat alle Afrikaners moet omsluit, streef en die onmiddellike behoefte aan samewerking sonder prysgewing van identiteit of ideale tussen alle Afrikaners wat die blanke beskawing wil red in die aangesig van kommunistiese bedreigings. Vir hierdie samewerking by 'n volgende verkiesing beywer die O.B. hom tans hoofsaaklik.

# Stellenbosch Hou Puik Fondssinsameling

## Dr. Franszen oor Volksfront

**Op Saterdag, 3 Augustus, het Stellenbosch sy groot jaarlikse fondsinsameling vir die Ossewabrandwag van stapel gestuur. Die manne-, vroue- en Studentekommando's sowel as die Boerejeug het meer as £550 ge-in, en daar is nog lyste uitstaande.**

**In die oggend het 'n groot basaar, met middagete, in die stadsaal plaasgevind, en die aandverrigtinge het die vorm van 'n verskeidenheidsprogram en kafee aangeneem.**

Die basaar is deur mev. Voigt, waarnemende hoofvrou van die gebied, geopen, en sy het veral die rol van die vrou in die Ossewabrandwag geroem.

Die ondersteuning was baie goed, en daar is baie gesigte opgemerk wat 'n mens nooit daar sou verwag nie. Die middagete moes selfs beëindig word voordat almal wat wou aansit, bedien kon word — die bakke en bakke vol vleis en ander geregte kon nie voorsiening maak vir almal nie.

'n Kenmerk van die basaar was die skinkborde met allerlei eetware daarop gerangskik wat per veiling baie flink verkoop het. Alle eer aan korporale mev. Van Eck wat vir die idee en die uitvoering daarvan verantwoordelik was.

Om 7.30 nm. het dr. P. J. Coertze, hoofkommandant van die studentekommando's, die verrigtinge van die aand geopen — alles onder beskerming van die studentekommando's. 'n Orkes van studentelede het 'n aangename atmosfeer geskep.

**DR. FRANSZEN**

In die loop van die aand het dr. D. G. Franszen, bekende ekonoom aan die Universiteit van Stellenbosch, in 'n kort, kragtige toespraak die aandag gevestig op die allesoorheersende probleem vir blank Suid-Afrika, dié van nie-blanke oorheersing. Enkele vergelykende statistieke het die probleem baie pertinent verduidelik. Iets moet gedoen word of 'n klein blanke minderheid sal verdwyn in 'n nie-blanke massa. „Daar is net een oplossing," het dr. Franszen verklaar, „die blanke Afrikanerdom moet saamstaan in 'n volksfront om die gevaar die hoof te bied. Laat ons 'n verenigde front toon teen die dreigende gevaar. Elke lid van hierdie Beweging moet hom die totstandkoming en bevordering van so 'n volksfront ten doel stel, al is dit net om dié een gedagte waaroor niemand kan verskil nie."

## *Adv. De Vos Nuwe Generaal*

By geleentheid van die O.B.-dagviering in Kaapstad, is adv. J. de Vos, voorheen van die hoofkwartier, aangestel as die nuwe generaal vir Kaapstad-Sentraal in die plek van genl. P. D. Rousseau wat voortaan net hoofgeneraal van die Skiereiland sal wees.



Genl. J. de Vos


## Daar is 'n rede . . .

**Die merkwaardige opkoms en groei van VOLKSKAS is nie maar bloot toevallig nie. Daar is goeie redes waarom hierdie Bank steeds presteer en uitbrei — en die belangrikste is ongetwyfeld die gehalte van die bankdienste wat deur sy takke gelewer word.**

**VOLKSKAS se deure is oop vir alle gesonde banksake; die privaat persoon ontvang dieselfde flinke aandag as die grootste sake-onderneming; geen transaksie word te klein of te groot beskou nie.**

**As u belangstel in 'n omvattende, doeltreffende bankdiens, gelewer in 'n gees van welwillendheid beveel ons aan dat u met ons naaste takbestuurder in verbinding tree.**

# VOLKSKAS BEPERK

Deposito's Oorskry £10,000,000

ARBEIDSAAMHEID

BANKIERS

HOOFKANTOOR: PRETORIA.